

Inhoud Hierdie preek wys hoe is Christus volgens die boek Openbaring die Leeu en die Lam. Hy is vir die konings van al die goddelose nasies, tale, stamme en volkere, die Leeu wat hulle met sy mag as Skepper verniel en verskeur. Hy is vir sy kerk uit alle nasies, tale, stamme en volkere, die Paaslam wat vir hulle sondes geslag is sodat hulle altyd in God se liefde kan leef. Christus is die Here wat die geskiedenis van volke, nasies, stamme en tale ontvou. Hy laat die toekoms waarop Hy besluit het, gebeur as elke dag se geskiedenis. Daarom verskrik Hy goddeloses in wat Hy laat gebeur met sy mag, maar terselfdertyd skep Hy vir kerk elke keer weer die teenwoordigheid van God in sy liefde. Die preek wys ook hoe geestelikes Christus probeer voorhou as die Leeu wat sy kerk verskeur en die Lam wat met die goddeloses probeer vrede maak en versoen.

Liturgie 1. Ps.48 Evangelielesing 1 Joh. 4: 9, 10, 14-18. 2. Lied 186 Wetslesing 1 Joh. 4: 20 – 5: 5 3. Lied 528 4. Lied 592

Openbaring 5: 1- 14; Gen. 49: 9,10; 2 Sam.7: 10 – 16.

Teks Openbaring 5: 5 “Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.

Tema Christus wat ons verlos het, breek die toekoms in die wêreld oop

1.Ek gaan vir die res van die jaar uit die boek Openbaring in die erediens preek so deur al die ander preke heen. Dit is 'n preekreeks wat oor die verloop van die hele jaar sal strek. Die preke sal nie mekaar direk opvolg nie.

In die boek Openbaring word God die Vader, Seun en Gees se heerskappy oor die kerk en die volkere van die wêreld bekend gemaak. Christus word geopenbaar as die Here van die kerk én Heerser oor die volkere van die wêreld. Dit is soos Christus in hoofstuk 1 vers 4 – 6 aangekondig word:

“Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en kom, ... Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood uit opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid.”

Hierdie verse is 'n opsomming van die hele boek Openbaring. Christus, die Here van sy kerk, sy koninkryk, is Heerser oor die konings van die aarde! Dit is die hoofboodskap wat deur die hele boek Openbaring.

2. 'n Leeu wat 'n Lam is! 'n Lam wat 'n leeu is!

Christus wat ons verlos het breek die toekoms in die wêreld oop

Dit is die verrassing van die aankondiging oor hoe Christus die heerser van die konings van die aarde is en terselfdertyd die koning van sy koninkryk, die kerk is.

Dit word met twee verse wat mekaar direk opvolg gestel in Openbaring 5. In vers 5 word Christus só aangekondig: “Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.” In vers 6 direk daarna word Christus weer só aangekondig: “Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, ’n Lam sien staan, die Een wat geslag was.” Christus is die Lam wat die Leeu is en die Leeu wat die Lam is!

Die beeld van die Christus as die Leeu uit die stam van Juda kom al van die seën van Jakob van sy seuns in Genesis 49 verse 8 tot 10. Daar seën Jakob vir Juda met hierdie woorde:

“Juda, dit is jy vir wie jou broers sal eer: jy sal jou vyande onderwerp en jou broers sal voor jou buig. Jy is ’n leeu, my seun Juda, wat van die prooi af wegstap. Jy rek jou uit, jy gaan lê rustig soos ’n leeu, soos ’n leemannetjie wat deur niemand opgejaag word nie. Jy sal altyd heers, jy sal aanhou heers totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.”

Die beeld van die Lam, is die Paaslam wat geslag is as offer wat God gee om sy volk van al hul sondes te verlos. Hulle word nie geslag vir hulle sondes nie. Die Lam van God self gee, is die offer vir hulle sondes.

Só is Christus die Lam wat die Leeu is en die Leeu wat die Lam is! Hy is die Leeu, heerser wat alle volke aan Hom onderwerp met mag terwyl Hy terselfdertyd uit liefde vir sy kerk die offer vir hul sonde is om hulle lief te kan hê sonder enige oordeel.

3. Die kinders! Wat se ding is ’n Leeu wat ’n Lam is?

Dit is nie ’n lammetjieleeu nie. Lammetjieleeus is nie regte leeus nie. Lammetjie leeus is leeus wat met ’n bottel deur mense groot gemaak word en in hokke aangehou word. Hulle word gevoer, gewas en gevange gehou vir die vermaak of jaglus van mense. Sulke lammetjie leeus is nie meer regte leeus nie. Niemand voel meer die ontsag en eerbied vir hierdie leeus wat mense het vir leeus wat in die veld die koning van die diere is nie.

Lammetjie leeus is leeus wat nie meer die mag het om leeus te wees nie.

Net so! ’n Lam wat ’n leeu is, is ook nie ’n leeu nie. Kan daar iets soos ’n skaaplam wees wat probeer brul om mense bang te maak en so hulle te laat dink hy is ’n leeu? Dit is maar net ’n lammetjie wat blêr en dink hy is ’n leeu. Dit is nie ’n leeulam nie. Dit is sommer net ’n simpel lam!

Christus wat ons verlos het breek die toekoms in die wêreld oop

So as die Woord van die Here vir ons wys Christus is die Leeu uit die stam van Juda en Hy is ook die Lam wat geslag is, dan beteken dit nooit dat Christus 'n leeu-lammetjie is of 'n lammetjieleeu is nie. Almal sal vir so Christus lag! 'n Leeu wat ons vermaak of 'n lammetjie wat ons probeer skrikmaak!

4. Nou hoe kan die Woord van die Here dan kom en sê dat Christus is die Leeu uit die stam van Juda en die Lam wat geslag is!

Dit is eintlik baie maklik. Julle sien die elke keer as julle na die wildtuin toe gaan. 'n Leeu wat 'n lam is!

Daardie leeu-mannetjie, net soos dit in Genesis gesê word, is die heerser van die diere. Hy lê rustig en niemand kan hom pla of opjaag as hy lê nie. Het julle al so iets gesien? 'n Leeu wat deur bokke of ander diere skrikgemaak word en opgejaag word? Hulle word nie eers deur olifante skrikgemaak of opgejaag nie!

Hy is die een vir wie al die ander diere regtig bang is. Want wanneer hy lus is, staan hy op, rek hom rustig uit, stap en gaan vang 'n bok, verskeur en verniel hom, maak hom dood, en gaan dan rustig voort om hom op te eet. Al die ander diere moet maar net hardloop of staan en kyk hoe hy rustig die bok vang, verskeur, verniel en doodmaak. Hulle kan dit nie keer of iets daaraan doen nie.

Daarom, as hy brul vervul hy elkeen met vrees en bewing want hulle weet dat nou gaan hulle verniel en verskeur word.

Die Leeu uit die stam van Juda!

5. Daardie selfde leeu vir wie al die diere van die veld bang is, is egter vir sy eie welpies heeltemal iemand anders. Terwyl hy so lê en brul dat almal verskrik rondhardloop, wat doen die welpies? Hulle speel met sy stert, spring rond en speel met mekaar!

Wat maak die verskil?

Die verskil is hulle is die koning van die veld se kinders! Daarom is hy vir hulle so sag soos 'n lam met al sy liefde. In sy liefde versorg hy hulle en gee hulle sommer so nou en dan 'n lek om te wys hy is lief vir hulle.

Welpies kan nooit vir die mannetjieleeu bang wees en verskrik raak oor sy teenwoordigheid nie. Sy teenwoordigheid is hulle sekuriteit en hulle toekoms.

Kyk wat sê die Bybel wat het Jesus Christus met ons gedoen in Open. 5: "U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer."

Christus wat ons verlos het breek die toekoms in die wêreld oop

Christus het ons koningkinders gemaak wat oor die aarde sal regeer. Hy het ons koningskinders gemaak wat die Here kan dien, liefhê, aanbid en vertrou omdat God hulle nooit vir hul sonde oordeel nie en altyd in sy liefde insluit.

Daarom voel welpies trots, veilig en weet hulle hulle het 'n toekoms in die veld wanneer hulle pa so brul en 'n leeu is soos net 'n leeu 'n leeu kan wees. Want vir hulle is hy soos 'n lam, in en deur sy liefde.

Christus is vir ons die Paaslam wat vir ons sondes geoffer is. Ons voel veilig en weet ons het 'n toekoms wanneer Hy vir die wêreld die Leeu is, omdat ons sy koningskinders is wat Hom mag liefhê.

So is Christus die Leeu uit die stam vir Juda vir die goddelose volkere van die wêreld, maar terselfdertyd is Hy die Lam vir elkeen wat Hy uit elke volk, stam, taal en nasie loskoop met sy bloed. Hy is heerser van die konings van die wêreld en Hy is Here en God vir sy kerk.

6. Wie kan die boekrol oopmaak?

Die boekrol wat hier van gepraat word, is nie boeke soos ons dit ken met blaai nie. Hierdie was 'n rol papier, baie soos ons papierhanddoeke, maar wat skryfpapier was. Hierdie boek was gelees deur dit van die eenkant te rol na die ander toe. Die seëls is soos ons nog dokumente verseël. Hierdie verseëling het beteken dat net die Een wat die gesag het hierdie seël kan breek om die boekrol te kan lees.

Hierdie boekrol is 'n simbool van die ontsluiting van wat in die toekoms gebeur. Dit gaan hier nie oor die voorspelling van die toekoms nie. Dit gaan oor die inwerkingstelling, die bewerking en ontvouing van die geskiedenis. Dit is soos hierdie simbool verder verduidelik word. Elke keer as een van die seëls gebreek word, dan word nuwe gebeurtenisse bewerk. Laat die Een wat die seël breek, die toekoms gebeur.

Daarom is die gesag van die Een wat die boek oop te maak, die gesag om die toekoms te laat gebeur.

Die aankondiging is dat die Leeu wat die Lam is wat geslag is, is waardig om die boek oop te maak. Dit word weer met 'n nuwe beeld verduidelik: Christus het sewe horings en sewe oë. Dadelik word verduidelik dat die sewe oë, is die Heilige Gees. Die getal sewe wys volmaaktheid. Daarmee word gewys dat Christus is die Here wat deur sy Gees uit elke stam, taal, volk en nasie mense van hul sonde verlos en deur sy liefde en genade regeer. Hy maak hulle koningskinders wat hul liefde aan God kan toewy.

Christus wat ons verlos het breek die toekoms in die wêreld oop

Die simbool van 'n horing word dwarsdeur die Openbaringboek gebruik vir die mag om te heers. Christus het alle mag op hemel en op aarde en Hy heers oor die konings van die aarde: Hy gee mag en neem mag weg. Open. 1:5

7. Wie kan nie die boekrol oopmaak nie?

Die openbaring van wat in die troonsaal van God hier in hoofstuk 5 gebeur staan in kontras met die troonsaal van die keiser van Rome. Dit wys die kontras tussen die raadsbesluite en heerskappy van die keiser van Rome en die raadsbesluite van die Vader, Seun en Gees en God se heerskappy.

Die Romeinse keiser was vir die Romeinse burgers God gewees. Hulle het hierdie keiser gedien met hul hele hart, siel verstand en al hul kragte want hulle het met hul hele hart, siel, verstand en al hul kragte aan die keiser en die Romeinse Ryk behoort.

Daarom moet u die loflied en aanbidding van die Here Jesus Christus in die troonsaal van God sien as die vryheid van hulle wat verlos is om mense met goddelike eer en aanbidding te moet vereer. Hierdie lofliedere is hoe die kerk net vir die Here Jesus alleen vereer en vir geen keiser, koning of ander mens nie.

“Die Lam wat geslag is, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer heerlijkheid en lof te ontvang”, nie die keiser of enige ander mens of mag op aarde nie. “Aan hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die krag; tot in alle ewigheid” aan geen mens of mag op aarde nie.

Daarom kan net Christus die boekrol oopmaak en die seëls breek, geen ander magsfiguur of enige ander krag in hierdie skepping kan dit doen nie. Nie 'n keiser nie, nie 'n koning nie, nie 'n keiserryk of enige ander magtige groep mense nie.

8. Christus is die Here wat die toekoms laat gebeur!

Met elke seël wat gebreek word, word daar nuwe verdrukking ontsluit. Hierdie verdrukking is oorheersing deur mense, oorlog, peste, droogte, hongersnood, natuurrampe en vervolging van die kerk van die Here.

Christus bewerk alles wat in sy skepping gebeur. Hy laat hierdie dinge in die geskiedenis gebeur. Dit is hoe die Leeu uit die stam van Juda brul.

Die kinders! Wat doen die diere van die veld en die welpies wanneer die groot leeu mannetjie brul? Die diere is verskrik en hardloop bang rond en die welpies speel en voel veilig! Dit is die openbaring wat hier van Christus gemaak word. Hoe brul Christus vir die wêreld net soos 'n leeu? Hy brul deur oorloë, peste, droogte, hongersnood en natuurrampe te laat gebeur. Elke seël van die toekoms wat die

Christus wat ons verlos het breek die toekoms in die wêreld oop

Here oopbreek is hoe Hy vir die nasies, volke, tale en stamme van hierdie wêreld brul.

Hy gryp hulle in vrees en ang vas oor die toekoms deur die vertoon van sy mag as God en Here. Want hulle is die diere van die veld

Wat doen ons wanneer die Here die toekoms so oopbreek? Ons voel veilig en loof en aanbid Hom! Want ons is sy koningskinder wat Hom mag liefhê en dien – 'n koninkryk van priesters.

9. Hoe kan dit ooit vir ons waar wees?

Hoe kan ons veilig voel en voel ons het 'n toekoms wanneer ons hoor van oorloë, peste, droogte, natuurrampe en hongersnood wat gaan gebeur?

Dit is teen elke bekend menslike reaksie! Die gewone menslike reaksie op hierdie gebeure is om verskrik en paniekerig te raak!

Want dit gaan oor wie die mag het om ons toekoms te bepaal!

Goddelose mense voel altyd hulle het die mag van die toekoms in hulle hande. Hulle het die mag om hul eie en ander mense se toekoms te bepaal. Dit was die mag van die keiser van Rome omdat die Romeine vir hom hierdie mag gegee het: hy moet die toekoms van mense bepaal. Hy moet dit met Romeine laat goedgaan en hy moet die toekoms van nie-Romeine wegvat, verniel, plunder en verwoes. Daarom reageer goddeloses verskrik op elke verdrukking wat plaasvind want dit is in hulle gemoed kragte wat wys hulle het nie die toekoms in hulle hande nie.

Hoe kan ons enigsins anders reageer wanneer hierdie dinge begin gebeur?

Want die Leeu van Juda wat dit laat gebeur, is die ons die Lam wat sy lewe vir ons geoffer het. Ons glo altyd in die Lam wat die Leeu is! Daarom weet ons dat as Hy sy lewe as offer vir ons gegee het sodat ons in sy liefde kan leef, sal Hy vir ons nooit die Leeu word wat ons verniel en verskeur nie. Hy sal nog steeds vir ons die Lam wees in al hierdie dinge wat Hy met die wêreld laat gebeur.

Welpies wat veilig speel terwyl die Leeu brul! Sy mag en krag in die wêreld is ons toekoms

10. Dit is die boodskap van die hele boek Openbaring!

Die hele boek Openbaring wil die gelowiges wys dat hulle in alles wat die Here ontsluit in hierdie wêreld veilig in sy liefde en diens is. Niks wat die Here in die wêreld laat gebeur is vir sy kinders 'n bedreiging of oordeel oor hulle sonde nie.

Christus wat ons verlos het breek die toekoms in die wêreld oop

Die hele boek se boodskap is dat die kerk veilig kan leef met die sekerheid dat die toekoms aan hulle behoort! Maak nie saak wat gebeur nie want alles wat gebeur is die Here wat dit laat gebeur. Hy breek die toekoms oop. Geen ander mag of krag nie.

Nou hoekom is ons gewoonde gemaak daaraan dat ons met elke nuwe ding wat gebeur moet voel dat God vir ons kwaad is en dat die toekoms vir ons 'n bedreiging is?

Dit is omdat geestelikes nie die Here ken wat die Leeu is wat vir die kerk die Lam is nie. Hulle preek 'n ander Here. Hulle preek altyd van die lammetjie leeu of 'n leeu lammetjie!

11. Hulle maak van Christus net so 'n tandlose leeu soos lammetjieleeus. Die manier waarop geestelikes van die Here Jesus 'n tandlose leeu maak, is om te preek dat Jesus nie meer Here is soos Hy in die Ou Testament Here was nie.

In die Ou Testament het die profete van die Here altyd oordeelsaankondigings oor die nasies gemaak. Hulle het verkondig hoe die Here as die Leeu uit die stam van Juda die heerser oor die konings van alle tale, nasies, volke en stamme is.

In hierdie oordeelsaankondigings oor die nasies en konings van die wêreld het hulle gewys hoe verniel en verskeur die Here hulle met oorloë, peste, droogte, hongersnood en siektes.

Hierdie mag om heerser oor die nasies te wees, is Christus se mag. Dit is hoe Christus se koms as die seun van Dawid, die Leeu uit die stam van Juda ook in gedeeltes soos 2 Sam. 7: 11- 16 aangekondig word. Christus sal nie net die Here wat die tempel, die kerk, bou nie. Die Christus sal sy kerk ook rus gee van die mag van die konings van die nasies. Die Christus wat die Ou Testament was altyd die Leeu vir die goddeloses en die Lam vir sy kinders.

Vandag preek geestelikes 'n ander Jesus. Hulle maak asof God in die Ou Testament nasies en volkere deur sy mag verniel en verskeur het, maar dat Jesus dit kom verander het. Jesus het volgens hulle gekom om van God daardie tandlose lammetjieleeu te maak. Hierdie makgemaakte Jesus loop net rond om deur mense gevryf en vertroetel te word, en moet maar self bietjie bang eenkant toe staan vir goddelose mense. Hierdie Jesus moet stertswaai by goddeloses sodat hulle ook kan leer om vir Hom as 'n lammetjieleeu lief te hê.

Hierdie Jesus is net daar vir die vermaak van goddeloses. Hulle het geen vrees vir sy mag waarmee Hy regtig vir hulle die Leeu is wat hulle verskeur en verniel nie. Dit is die ontnugtering van alle geestelikes: Jesus is nie hulle stertswaai-lammetjieleeu

Christus wat ons verlos het breek die toekoms in die wêreld oop

nie. Waar hulle net vir goddeloses liefde en vrede preek, is Christus altyd vir hulle die Leeu wat hulle mag verskeur en verniel.

12. Nog 'n manier waarop Christus wat Leeu en Lam is nie meer geken word nie, is deurdat dieselfde geestelikes wat Jesus vir goddeloses voorhou as 'n lammetjieleeu, Jesus vir die kerk en gelowiges voorhou as 'n leeulam.

Hulle is altyd besig om so te preek dat die Here wat die Lam vir sy kerk is, vir die kerk brul en probeer bangmaak.

Hulle Jesus is die Christus wat die kerk aanval, dreig, verniel en verskeur met oorloë, droogtes, siektes, peste en hongersnood. Hulle vertel gelowiges Jesus doen hierdie dinge teen sy kerk omdat hulle nog die Here lief genoeg het of nog nie regtig tot bekering gekom het nie.

Op hierdie manier preek hulle asof Jesus wat vir ons sondes ly, sterf, gekruisig word en uit die dood opstaan, God se manier is om vir sy kerk te brul! So maak hulle asof Jesus die Lam is wat vir sy kerk brul.

Dit is sommer net die nonsens van afgodsdienste. Die Here is nie die Lam wat vir ons brul nie. Hy maak ons sy welpies, koningskinders, wat rustig leef in sy liefde en met elke brul wat Hy vir die wêreld gee, met die aankondiging van elke oorlog, pes, droogte en siekte vir ons die rustigheid en sekuriteit gee dat Hy vir ons die toekoms oopbreek om sy kerk in hierdie wêreld te wees.

Die Here wat vir ons die Lam is, sal nooit vir ons brul nie! Hy brul vir die wêreld om vir ons 'n toekoms in sy liefde oop te breek.

- Troon: 2 Sam 7: Dawidsbelofte: heerskappy van die Messias. Christus is Here van die heelal. Heerskappy van God. God nie keiser is heerser van die wêreld.
- Troonsaal van God waar Hy besluite neem en geskiedenis laat gebeur teenoor die troonsaal van die keiser in Rome. Keiserkultus. Troon van god staan teenoor die troon van die draak: 13:2
- Wie beskik en bestuur die geskiedenis van volkere – Messias, net Hy moet deur alle volke aanbid word
- Aanbidding van die Lam staan teenoor die aanbidding van die dier uit die see: politieke mag. hoofstuk 13:4, 8,12, 14-15.
- Aanbidding: van lewende wesens 4:8, na 24 ouderling 4:10,11, engele 5:11,12, en die hele skepping 5:13. (Jes. 6 en Eseg.1.)
- Wys wat gebeur, is openbaring van die mag van God in die geskiedenis. 4:1. Hemel wat oopgaan is openbaring van God.
- Trompet aankondiging van magsdaad van God.
- Vier lewende wesens: die hele skepping.
- Boekrol: papierusrol met seëls verseël – die mag om te laat gebeur: om te bewerk en in werking te stel – Christus!
- Boekrol is die toekoms wat gebeur: alles wat in die toekoms gebeur, inwerking stelling, bewerking van ontvouing van God se verlossing van sy kerk en oordeel oor die goddeloses.
- Waardig – gesag! Huil – God het nie mag om dit te laat gebeur nie!
- Leeu uit stam van Juda: Gen. 49:9, Jes. 11:1, Lam: gesag deur geslag te word: lam het mag van bese gebreek – oor kerk en wêreld.
- Gesag om oor sonde te heers en aan God toe te wy: 5: 10.